Beeld
Sport
Maandag | 6 Junie 2016 | BL. 20 | E-pos: sport@sport24.co.za | Facebook: Sport/koerante | Twit

# Irvette loshande voor in vroue-reeks

**Tinus van Staden**

Durban. – Dis 'n goue driekuns vir Irvette van Zyl. En dít nadat sy so byna besluit het om haarself nie in die Durbanse strate te toets nie.

Van Zyl het die derde wedloop in die Spar-uitdaagreeks gister in 'n bewolkte Durban op 'n drafstap in 'n tyd van 33:26 minute gewen.

Sy het vroeër vanjaar ook in die eerste twee wedlope, in Kaapstad en Port Elizabeth, eerste geëindig.

Cornelia Joubert was tweede in 'n tyd van 34:26, terwyl Lebo Phalula derde was in 34:39.

Met dié oorwinning het Van Zyl haar posisie bo-aan die puntelys van die Spar Grand Prix-reeks verstewig.

Sy het in die proses ook verbeter op verlede jaar se wentyd in Durban – die 33:36 wat Lebogang Phalula in 2015 gehardloop het. Daarmee het sy vir haarself tien bonuspunte vir die Grand Prix-reeks in die sak gebring.

Van Zyl was deur die loop van die wedloop die heeltyd in beheer. Sy, die Phalula-tweeling, Joubert en Rutendo Nyahora, het van meet af die pas in die wedloop aangegee, maar Van Zyl het van die 4 km-kerf af gemaklik voor gedraf en ná 6 kilometer weggebreek.

"Ek was baie verbaas toe niemand aan die begin vinnig wou hardloop nie. Almal het eintlik reg in my hand gespeel," het Van Zyl ná die tyd gesê.

"Ek het dit oorweeg om nie aan hierdie wedloop deel te neem nie, want ek het nie fiks genoeg gevoel nie. Ek is nou baie bly ek het gehardloop. Toe ons by 8 kilometer kom, het ek besef ek kan dalk 'n bonuspunt kry," het sy gesê.

Van Zyl het gesê die weerstoestande was eintlik perfek om 'n vinnige tyd te hardloop.

"As ons kon, kon ons regtig 'n goeie tyd gehardloop het," het sy gesê.

Joubert, wat verlede jaar vierde in Durban geëindig het, was oorweldig met haar tweede plek.

"Ek het verlede jaar vierde gekom met 'n beter tyd as vanjaar (34:04). Ek hou van die Durban-wedloop. Ek het baie hard gewerk," het sy gesê.

Lebo Phalula voel nie dieselfde as Joubert oor Durban nie. "Dis nie my plek nie; ek hardloop nie goed hier nie. Ek is geskok dat ek derde was, maar ek is teleurgesteld met my tyd," het Lebo Phalula gesê.

Daar wag nog twee wedlope in die Spar-reeks – in Pretoria in September en Johannesburg in Oktober. Die atleet wat bo-aan die Grand Prix-puntelys eindig, sal 'n boerpot van R160 000 wen.



**Irvette van Zyl gister in Durban in aksie in die derde Spar-wedloop vir vroue oor 10 km.**
Foto: GALLO IMAGES